Die Burger:
Saterdag, 8 November 2008

_____Kabaret

LYFLIED

Aan de Braak-teater, Stellenbosch

Op die derde aand van die Aan de Braak-teater se Kabaretmania kom *Lyflied* aan die beurt. Dis ‘n keur uit Hennie Aucamp se stoutste verse, getoonset deur die komponis André Strijdom, ook met die spulse woorde van Strijdom, Elize Cawood, Ronnie Belcher, Peter Blum, Lina Spies, Breyten Breytenbach en Antjie Krog.

Die program het lyf. Dit wentel om die formidabele verhoogteenwoordigheid, allemintige stem en hipnotiese boesem van die opera- en jazz-sanger Elizabeth Frandsen. Sy word op klavier begelei deur Rika Vermeulen, ‘n ironiese vertolker wat aksynsbelasting betaal het in die toring van sang: sy was onder andere Nataniël se eerste begeleier.

Frandsen se talent en veelsydigheid vul die intieme lokaal. Haar ouma was operasanger in Hamburg, en sy self het akkolades ingesamel op verhoë in Switzerland en Duitsland. Sy lyk soos ‘n godin: ruim van lyf, met ‘n perskebloeisel-gelaat, oë wat om die beurt vonkel en blits, en ‘n mond wat verloklik pruil, verstrak tot ‘n streng streep en krul in ironie.

Sy vertolk die skurwe, satyngladde liriek met die volle inset van ‘n formidabele intelligensie en ryk geskakeerde stem. Om die beurt flankeer sy, verlei sy, begogel sy, streel sy en skop sy in die knaters. Met bittersoet fokus en sweet wat pêrel op die bolip en in die borsgleuf.

Die stuk het ‘n ouderdomsperk van 18 jaar. Die gehoor sweet onder die intense aanraking van die sensuele, skokkende inhoud. Twee klein plafonwaaiers maak nie hond haaraf nie, maar laat diegene wat nie die hitte kan hanteer nie, padgee uit die kombuis. Dis kabaret met ‘n hoofletter ‘K’; nie die vermaaklike saamsnoering van liedjies en teks wat dikwels hierdie term kaap nie.

Hennie Aucamp beskryf kabaret as “muse van die modder” en “beskaafde protes”. Laasgenoemde verwys vermoedelik na die intellektuele, ironiese afstand waarmee die lyflike ywer opgedis word. Daar is ‘n element van wanhoop, soos in die fynste erotiek: die sagtheid van die lyf herinner aan die verganklikheid van alle vlees; terwyl die katel ratel, wag die kis op die solder.

Die program bied genoeg afwisseling: die gehoor word verlei tot hunkering, begeerte, vertwyfeling, romantiese liefde wat so maklik tot haat kan skif, tot ontnugtering, weersin en eensaamheid.

Daaar is volop aardse humor. Veral Krog se “Man, ek lus ‘n twakkie” ontlok geskokte skaterlag. Strijdom se komposisies laat die woordkuns tot sy reg kom. Dis ‘n onweerstaanbare poespas van wrang intelligensie, bronstige lewensdrif en tierende wanhoop.

Deborah Steinmair